  - (i) Seuns van lede van die Federasie van Bounywerhede (Suid-Afrika),
  - (ii) seuns van lede van vakunies in die Boubedryf
  - (iii) ander applikante.
- g. Die Direkteur, Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Boubedryf, Posbus 11359, Johannesburg 2000. Aansoeke moet voor 1 Desember by hierdie adres ingedien word.

A-49

- a. JOHNNIES - BEURSSKEMA
- b. Chemiese, Elektrotegniese (swaarstroom by voorkeur), Meganiese, Metallurgiese, Mynbou- of Siviele Ingenieurswese; Chemie; Geneeskunde; Geologie; Mynbou-Geologie
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Les- en losiesgelde plus R500
- f. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van die Maatskappy of 'n Groepmaatskappy tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken is, onderworpe aan 'n maksimum van vier jaar.
- g. Die Groeppersoneelbeampte, Johannesburg Consolidated Investment Company Limited, Posbus 590, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum is 15 Oktober.

A-50

- a. JOUBERT-FONDS
- b. Teologie
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van die kursus
- e. Geen vasgestelde bedrag
- f. Die studielening is slegs beskikbaar vir lidmate van die N.G. Kerk.
- g. Die Kassier, Joubert Fonds, Posbus 956, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie.

A-51

- a. KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT: AFDELING EKSAMENS - VERDIENSTELIKHEIDSBEURSE
- b. Onbeperk



- c. 'n Universiteit of onderwyserskollege of technikon
- d. 3 jaar
- e. R200 p.j.
- f. Word toegeken aan kandidate uit Departementele hoërskole wat in die Senior Ser-tifikaateksamen met minstens drie vakke op die Hoër Graad, geslaag het; matri-kulasievrystelling verkry het en in hul groototaal 'n A-simbool behaal het.  
Ná afloop van die drie jaar kan aan sodanige kandidate beurse van R200 elk vir nog een jaar toegeken word op voorwaarde dat hulle bewys lewer van die sukses-volle voltooiing van hul driejarige studie. Die Onderwysdepartement moet daar-van oortuig wees dat die kursusse wat in die vierde jaar gevolg sal word, van 'n verdienstelike aard is.
- g. Aansoekvorms word deur middel van die betrokke skoolhoofde aan die kandidate gestuur.

A-52

- a. KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT - GELDELIKE HULP VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS
- b. Enige goedgekeurde graad- en/of diplomakursus in die onderwysrigting
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika of 'n onderwyserskollege onder beheer van die Departement
- d. Duur van kursus(se)
- e. Universiteitstudente: R1 000 p.j.  
Onderwyserskollegestudente: R700 p.j.  
Deeltydse of korrespondensiekursus-studente : R315 p.j.
- f. 'n Student wat 'n driejarige of vierjarige graadkursus volg, moet onmiddellik na behaling van die graad die H.O.D.-kursus volg.  
Vakke soos Sosiologie, Sielkunde (gewone), Afrikastudie, Volkekunde ens. is van min waarde in die onderwys.  
Die student verbind hom om na voltooiing van sy kursus onmiddellik as onderwyser in 'n skool onder die Departement in die afdeling (d.w.s. sekondêr of primêr) waarvoor hy hom bekwaam het of wat deur die Departement goedgekeur word, diens te doen vir 'n tydperk gelykstaande aan die tydperk waarvoor geldelike hulp aan hom toegeken is: met dien verstande dat indien die student om 'n kleiner bedrag aansoek doen, die tydperk wat hy/sy as onderwyser(es) in 'n skool onder die De-partement moet dien pro rata tot die naaste maand verminder sal word.  
Indien die student die inrigting verlaat of nie gereeld klasse bywoon nie, of sy gedrag en vordering na die mening van die Departement nie bevredigend is nie, kan die geldelike hulp ingetrek of opgeskort word.  
Indien die vereistes nie nagekom word nie, is die volle bedrag van die geldeli-ke hulp of die gedeelte daarvan wat deur die Departement bepaal word, onmiddel-lik aan die Departement verskuldig en in een som terugbetaalbaar; met dien verstande dat indien terugbetaling nie onmiddellik geskied nie, rente teen die koers wat die Tesourie voorskryf van die datum van kontrakbreuk gehef word.
- g. Die Direkteur van Onderwys, Eksamen Afdeling, Posbus 13, Kaapstad 8000. Standaard 10-leerlinge moet hul aansoeke aan die skoolhoofde rig.

A-53

- a. KAMER VAN MYNWESE - BEURSE
- b. 'n Baccalaureusgraad
- c. Enige residensiële universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Jaarliks hernieubaar mits bevredigende verslae oor die beurshouer se vordering ontvang word, vir die volle duur van die gekose kursus

- e. (i) 'n Beurshouer wat in 'n universiteitskoshuis inwoon, ontvang 'n onderhouds=toelae van R500 per jaar in kwartaallikse kontantpaaielemente, en daarbenewens betaal die Kamer van Mynwese die volgende bedrae regstreeks aan die betrokke universiteit:
- Die registrasiegeld; die volle lesgeld vir die gekose kursus; en die koste van inwoning in die universiteitskoshuis.
- (ii) 'n Beurshouer wat nie in 'n universiteitskoshuis inwoon nie, ontvang 'n onderhoudstoelae van R500 per jaar in kwartaallikse kontantpaaielemente en 'n toelae vir kos en inwoning wat deur die Kamer van Mynwese bereken word om die ontvanger in staat te stel om vir kos en inwoning te betaal. Sulke beurshouers moet self losiesreëlings tref.
- Daarbenewens betaal die Kamer van Mynwese die volgende bedrae regstreeks aan die betrokke universiteit:
- Die registrasiegeld; en die volle lesgeld vir die gekose kursus.
- f. 'n Aantal beurse word jaarliks vir gekose kandidate beskikbaar gestel. Om vir 'n beurs in aanmerking te kom, moet die aansoeker -
- 'n werknemer of 'n afhanklike van 'n werknemer wees van 'n mynmaatskappy, lid van die Kamer van Mynwese, wat op die eerste dag van die jaar ten opsigte waarvan die beurse toegeken word, twaalf maande diens by ledemyne van die Kamer van Mynwese voltooi het; in die geval van aansoekers vir dié beurse wat voornemens is om 'n kursus te volg wat deur die Kamer van Mynwese beskou word as in die belang van die mynnywerheid, sal die dienstyd na goeddunke van die Kamer wees; of 'n afhanklike van 'n voormalige werknemer van 'n mynmaatskappy, lid van die Kamer van Mynwese, wat weens blywende arbeidsongeskiktheid of met pensioen afgestreef het en wat by sodanige aftrede 'n voordeel van Die Witwatersrandse Goudmynwerknemersvoorsieningsfonds ontvang het; of 'n afhanklike wees van 'n voormalige werknemer van 'n mynmaatskappy, lid van die Kamer van Mynwese, wat gesterf het onderwyl hy in die diens was van so 'n myn.
- 'n Aansoeker moet onder die ouderdom van 22 jaar wees op 1 Januarie van die jaar waarin die beurs toegeken staan te word, en moet 'n Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat besit wat vir universiteitstoelating geldig is. Ingevulde aansoekvorms word tot 30 Desember aanvaar. Aansoekers wat die Matrikulasie-eksamen onlangs afgelê het, moet hulle simbole aan die Kamer van Mynwese verstrek sodra dit beskikbaar is. Aansoeke sal uitgesluit word indien die simbole die Studiebeursbeampte nie uiterlik op 15 Januarie bereik nie.
- g. Navrae moet gerig word aan die Studiebeursbeampte, Kamer van Mynwese van Suid-Afrika, Posbus 809, Johannesburg 2000, en die volle naam van die betrokke mynwerknemer, asook sy voorsieningsfondsnommer en die naam van die myn waar hy werk of laas gewerk het, moet gemeld word.

A-54

- a. KRIGE-STUDIEFONDS
- b. Teologie, Onderwys, Maatskaplike Werk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R300 p.j.
- f. Die Sending van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika stel beurse beskikbaar aan persone wat voornemens is om in die sending te dien. Na voltooiing van studies moet die beurshouer in die sendingdiens tree as 'n sendeling, onderwyser/es of maatskaplike werker/ster. Na vier jaar sendingdiens word geen terugbetaling vereis nie.
- g. Die Algemene Sendingsekretaris, Posbus 1012, Kaapstad 8000. Aansoeke kan enige tyd van die jaar by hierdie adres gedoen word.

A-55

- a. KRYGKOR-BEURS
- b. Chemiese, Elektroniese/Elektrotegniese, Meganiese, Metallurgiese of Lugvaart=kundige Ingenieurswese; B.Sc.- of B. Com.-Rekenaarwetenskap
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Les- en losiesgelde plus 'n kontantbedrag van R350 p.j.
- f. Die beurshouer word nie onder 'n verpligting geplaas om na afstudering by die Korporasie in diens te tree nie, ofskoon hy wel aangemoedig sou word om dit te doen.
- g. Die Personeelbestuurder, Krygstuigkorporasie, Privaatsak X337, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-56

- a. LADYSMITH MUNISIPALE BEURS
- b. Onbeperk
- c. 'n Goedgekeurde inrigting
- d. 3 jaar
- e. R100 elk p.j.
- f. Die Stadsraad van Ladysmith stel beurse beskikbaar aan Blankes, Indiërs en Kleurlinge.  
Blankes: Die toekenning is beskikbaar vir leerlinge wie se ouers vir vyf aaneenlopende jare in Ladysmith onmiddellik voor die datum van toekenning van die beurs woonagtig was. Aansoekers moet ouer as 16 wees. Die beurs word slegs toegeken aan skoliere wat die Matrikulasie- of gelykwaardige eksamen geslaag het.  
Indiërs: Die toekenning is beskikbaar vir leerlinge wat bona fide-inwoners van Ladysmith is, en vir 'n tydperk van vyf aaneenlopende jare onmiddellik voor die datum van toekenning in Ladysmith woonagtig was. Beurse word slegs aan leerlinge wat suksesvol was in die Senior-eksamen, toegeken.  
Kleurlinge: Die toekenning is beskikbaar vir leerlinge wat bona fide-inwoners van Ladysmith is, en vir 'n tydperk van drie aaneenlopende jare onmiddellik voor die datum van toekenning in Ladysmith woonagtig was. Beurse word slegs aan bevoegte skoliere wat hul sekondêre opleiding of verdere studie wil voltooi, toegeken.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 29, Ladysmith, Natal 3370. Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van Januarie of die begin van Februarie van elke jaar.

A-57

- a. LANDMETERS VAN SUID-AFRIKA - OORLOGSGEDENKBEURS
- b. Landmeetkunde
- c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Pretoria en die Witwatersrand
- d. Jaarliks hernieubaar vir die vier jaar van die kursus
- e. ± R480 p.j.
- f. Een beurs is jaarliks beskikbaar aan inwoners van Rhodesië of die Republiek van Suid-Afrika. Voorkeur word gegee aan lede, of seuns van lede, van die 45ste, 46ste of 49ste Opmetingseenheid of van die gewapende magte van Rhodesië of Suid-Afrika tydens die 1939-1945-oorlog.

- g. Die Registrateur, Die Sentrale Landmetersraad van die Republiek van Suid-Afrika, Posbus 61019, Marshalltown 2107. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-58

- a. MASSEY-FERGUSON (SUID-AFRIKA) STIGTING VIR GEVORDERDE ONDERWYS EN NAVORSING - TOEKENNING
- b. Studierigtings wat sal bydra tot landbou-, industriële en konstruksiemeganisasie en vervaardiging
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Gedeeltelike of volle beurse tot R1 250
- f. Die Stigting voorsien onder andere beurse, skenkings, subsidies of ander vorms van bystand aan voorgraadse studente of ander geskikte persone om hulle studies voort te sit. Houers van enige toekennings staan onder geen verpligting teenoor die Maatskappy nie en beurse is ook nie terugbetaalbaar nie.
- g. Die Sekretaris, Massey-Ferguson (Suid-Afrika) Stigting vir Gevorderde Onderwys en Navorsing, Posbus 677, Vereeniging 1930. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-59

- a. MOBIL RAFFINERINGSMAATSKAPPY SUIDELIKE AFRIKA (EDMS.) BEPERK - BEURSE
- b. Chemiese, Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese
- c. n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die duur van die kursus
- e. Maksimum R2 000 p.j.
- f. Drie beurse word jaarliks toegeken aan matrikulante wie se resultate meriete in Wiskunde en Wetenskap weerspieël. Die beurse is ook beskikbaar vir studente wat die eerste studiejaar suksesvol voltooi het. Die vereiste praktiese werk moet by Mobil se raffinadery in Durban gedoen word. Na voltooiing van sy graadkursus moet die beurshouer vir ten minste twee jaar in diens van Mobil se raffinadery in Durban tree.
- g. Die Beurskoördinator, Mobil Raffineringsmaatskappy Suidelike Afrika (Edms.) Beperk, Posbus 956, Durban 4000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is die eerste week in Januarie.

A-60

- a. MSD - MERIETEBEURSE
- b. Agronomie, Geneeskunde, Farmasie, Veeartsenykunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Maksimum van die laaste drie studiejare voor graduering
- e. Lesgelde, losiesgelde en boeke tot n maksimum van ongeveer R2 000 p.j.
- f. MSD-beurse word vir voltydse studie toegeken op grond van bevredigende uitslae soos bewys deur die akademiese prestasies van die vorige studiejare, finansiële behoefte en bewys van eienskappe van goeie burgerskap. Jaarlikse hernuwings van toekennings word gemaak op grond daarvan dat studente deurgaans voldoen aan die vereistes.

- g. Die MSD Studiebeurskeurkomitee, Privaatsak X3, Halfway House 1685. Aansoekvorms is ook by die Registrateurs van die verskillende universiteite verkrygbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-61

- a. MUNISIPALE BEURSE VAN SASOLBURG
- b. Munisipalewese
- c. Enige goedgekeurde universiteit of kollege
- d. Duur van kursus; jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Hoogstens R800 p.j.
- f. Beurse word jaarliks toegeken aan skoliere en studente woonagtig in die Oranje-Vrystaat. Voorkeur word gegee aan aansoekers wie se ouers in Sasolburg woonagtig is of aansoekers wat in Sasolburg woon asook amptenare van die Raad. 'n Beurshouer moet onderneem om na voltooiing van die kursus in diens van die Raad te tree vir dieselfde tydperk as dié waarvoor die beurs toegeken is, op voorwaarde dat 'n geskikte vakature in daardie tyd bestaan.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 60, Sasolburg 9570. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-62

- a. MUNISIPALITEIT RANDBURG - NA-MATRIKULASIESTUDIEBEURS
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit, kollege of inrigting in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, kan jaarliks hernieu word mits vordering bevredigend is
- e. R300 tot R600 p.j. vir 'n graadkursus aan 'n universiteit of vir 'n diplomakursus by 'n kollege of inrigting
- f. Beurse is beskikbaar aan studente van albei geslagte wie se ouers van Blanke herkoms is en vir 'n tydperk van minstens twee jaar binne die Munisipaliteit Randburg woonagtig is. Voorkeur sal verleen word aan applikante wat nie ander beurse ontvang nie. Die toekenning geskied onderworpe aan bevredigende bewys van goeie karakter, behoefte of geldelike omstandighede van die applikant se ouers, en skoolloopbaan.
- g. Die Stadsklerk, Privaatsak X1, Randburg 2125. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 7 Desember.

A-63

- a. MURRAY & STEWART-BEURSE
- b. Siviele, Meganiese en Elektrotegniese Ingenieurswese; Boukunde
- c. Enige universiteit
- d. Jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Dek lesgelede, boeke, skryfbehoeftes en instrumente; en kan na gelang van omstandighede ook koshuisgelede insluit
- f. Daar word van beurshouers verwag om gedurende die lang vakansies by die Maatskappy te werk. Na voltooiing van studie moet die beurshouer een jaar diens vir elke twee jaar van studie by die Maatskappy lewer.
- g. Die Groeppersoneelbestuurder, Groepuniversiteitskema, Murray & Stewart (Edms.) Beperk, Posbus 4854, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van Oktober.

A-64

- a. NASIONALE INSTITUUT VIR METALLURGIE - BEURSE
- b. Metallurgie, Chemiese Ingenieurswese, Chemie (met klem op Fisiese, Anorganiese en Analitiese Chemie), Mineralogie, Geologie, Elektrotegniese Ingenieurswese (Swakstroom en Elektronika), Fisika
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van die Instituut tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken is.
- g. Die Hoof: Personeel, Nasionale Instituut vir Metallurgie, Privaatsak X3015, Randburg 2125. Die sluitingsdatum is 31 Augustus.

A-65

- a. NASIONALE KOERANTE - BEURSE
- b. 'n Goedgekeurde graadkursus met die oog op Joernalistiek
- c. Enige universiteit
- d. 3 jaar
- e. Lesgelde, koshuisgelde plus R120 per jaar vir ander uitgawes
- f. Die beurse word deur Nasionale Koerante Beperk beskikbaar gestel vir manlike standerd tien - leerlinge, asook eerste- en tweedejaar-manstudente wat goed gepresteer het. Kandidate kan 'n kursus in enige rigting volg, mits hulle die basiese hoedanighede besit wat vir die joernalistiek vereis word.  
Die suksesvolle kandidaat verbind hom om na graduering in die diens van Nasionale Koerante Beperk te tree en daarin te bly vir 'n tydperk van minstens vier jaar indien hy die beurs vir drie jaar ontvang het. Indien hy sy kontrak nie nakom nie, moet hy alle beursgelde wat aan hom uitbetaal is, terugbetaal tesame met rente.
- g. Die Personeel- en Opleidingsbestuurder, Nasionale Pers Beperk, Posbus 2271, Kaapstad 8000.

A-66

- a. NATALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSE VIR FARMASIE
- b. Farmasie
- c. 'n Erkende universiteit of teknikon in die RSA
- d. 3 jaar
- e. R1 000 elk p.j. vir universiteitstudie; R630 elk p.j. vir studie aan 'n teknikon
- f. Beurse is beskikbaar vir Blanke tweede-, derde- en vierdejaarstudente. Keuring sal grotendeels gebaseer word op verslae wat van die student en sy betrokke universiteit of kollege ontvang word. Die toekenning van die beurse sal beperk wees tot studente wat geen ander beurs wat deur diens terugbetaal moet word, ontvang nie.  
Suksesvolle aansoekers moet na kwalifisering die Administrasie vir een jaar dien ten opsigte van elke jaar wat daar van die beurs gebruik gemaak is, of in die geval van kontrakbreuk of terugtrekking van die beurs die volle bedrag van die beurs plus 6 persent rente per jaar, bereken van die datum van kontrakbreuk, terugbetaal.

Uitnodiging om aansoeke vir beurse word gewoonlik gedurende die laaste kwartaal van die jaar deur middel van koerantadvertensies gedoen.

- g. Die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X9051, Pietermaritzburg 3200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-67

- a. NATALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSE VIR FISIOTERAPIE, ARBEIDSTERAPIE EN SPRAAKTERAPIE
- b. Fisioterapie, Arbeidsterapie of Spraaktherapie
- c. Universiteite van Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch of die Witwatersrand
- d. Duur van kursus
- e. R1 000 elk p.j.
- f. 'n Klein aantal beurse word jaarliks aan Blanke studente toegeken. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus die Administrasie vir een jaar vir elke jaar wat die beurs aan hom toegeken is, dien of in die geval van kontrakbreuk of terugtrekking van die beurs, die volle bedrag van die beurs terugbetaal plus 6 persent rente, bereken van die datum van kontrakbreuk.
- 'n Uitnodiging om aansoek om 'n beurs te doen word elke jaar gedurende Oktober in die koerante geadverteer. Slegs Suid-Afrikaanse burgers mag oorweeg word en voorkeur word gegee aan kandidate woonagtig in Natal.
- g. Die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X9051, Pietermaritzburg 3200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-68

- a. NATALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSE VIR GENEESKUNDE
- b. Geneeskunde
- c. 'n Erkende universiteit in die RSA
- d. 6 jaar
- e. R1 000 elk p.j.
- f. Beurslenings word aan Blanke mediese studente in hul eerste tot sesde jaar toegeken. Keuring sal grotendeels gebaseer word op verslae wat ontvang word van die student en sy betrokke universiteit. Voorkeur word gegee aan inwoners van Natal. Die beurshouer moet, indien die Administrasie dit verlang, onderneem om na graduering die Administrasie te dien as 'n voltydse mediese beampte vir 'n tydperk van een jaar ten opsigte van elke jaar wat daar van die beurs gebruik gemaak is, of in die geval van kontrakbreuk of terugtrekking van die beurs, die volle bedrag van die beurs plus 6 persent rente per jaar, bereken van die datum van kontrakbreuk, terug te betaal.
- g. Die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X9051, Pietermaritzburg 3200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-69

- a. NATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT - LENINGS
- b. 'n Baccalaureusgraad en die Hoër Onderwysdiploma
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Duur van kursus

- e. R984 p.j.
- f. Leningstudente moet onderneem om na voltooiing van hulle studies aan die Natalse Onderwysdepartement diens te lewer vir dieselfde tydperk as wat lenings aan hulle toegestaan was. Geen aftrekkings word van hulle salarisse gemaak nie. Die leningsdelgingskoers sal gelyk wees aan die koers waarteen die lening betaal is, afgesien daarvan of die onderwyser/es die kontraktydperk voltooi het of nie.
- g. Die Direkteur van Onderwys, Natalse Onderwysdepartement, Privaatsak X9044, Pietermaritzburg 3200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Oktober.

A-70

- a. NATUURLEWEVERENIGING - STUDIELENINGS
- b. Biologiese Wetenskappe en/of Natuurbewaring
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. -
- e. R350 p.j.
- f. Studielenings word aan tweede-, derde- en/of vierdejaarstudente toegeken. Keuring geskied eerstens op grond van akademiese aanleg en finansiële behoefte en tweedens op karakter en deelname aan studentebedrywighede. Die totale bedrag van die lening is terugbetaalbaar binne die eerste twee jaar van indiensneming.
- g. Die Sekretaresse, Die Natuurlewevereniging van Suidelike Afrika, Posbus 44189, Linden 2104. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-71

- a. NCD-BEURS
- b. Landbou - Suiwelkunde; of Meganiese Ingenieurswese waar dit 'n omvattende kursus in suiwel ingenieurswese insluit
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika wat die kursus aanbied
- d. Vier jaar, mits die vordering bevredigend is
- e. R1 350 p.j.
- f. Die beurshouer moet onderneem om, nadat hy sy graad verwerf het, vir 'n minimum tydperk van drie jaar in die diens van die Maatskappy te staan.
- g. Die Skakelbeampte, Nasionale Suiwelkoöperasie Beperk, Posbus 48151, Roosevelt Park 2129. Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van Oktober in elke jaar.

A-72

- a. NOK - VOORGRAADSE STUDIEBEURSE
- b. Ingenieurswese, Metallurgie, Chemie, Geologie, Regsgeleerdheid, Ekonomie, Handel, Rekeningkunde en ander studiekursusse wat vir die nywerheidswese van belang mag wees
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Les- en losiesgelde (R350 in die geval van beurshouers wat by hul ouers/voogde inwoon) plus R250



Applikante moet Suid-Afrikaanse burgers, woonagtig in die RSA en in besit van 'n Matrikulasië- of gelykwaardige sertifikaat met hoë simbole wees. Universiteit= studente kan ook aansoek doen. Beurshouers moet onderneem, om vir minstens 'n tydperk wat gelykstaande is aan die aantal studiejare waarvoor hulle die beurs ontvang het, in diens van die Korporasie te bly.

- g. Die Sekretaris, Voorgraadse Beurskomitee, NOK van S A Beperk, Posbus 6905, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 7 September.

#### A-73

- a. NORISTAN-BEURSE  
b. Geneeskunde  
c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Oranje-Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand en Rhodesië  
d. 1 jaar  
e. R500  
f. -  
g. Voltooide aansoeke moet die Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde van die betrokke universiteit voor 30 November bereik om voor 31 Januarie aan die Sekretaresse, Mediese Advieskomitee tot Noristan Laboratoria, voorgelê te word.

#### A-74

- a. NORISTAN-STUDIELENINGS  
b. Geneeskunde of Farmasie  
c. Universiteite of kolleges in Suid-Afrika, Suid-Wes Afrika of Rhodesië wat bogenoemde kursusse aanbied  
d. Kyk f  
e. Kyk f  
f. Studielenings word beskikbaar gestel aan mediese studente vanaf hul vierde akademiese jaar en aan studente in Farmasie van hul voorlaaste jaar af.  
Die lening sal 'n maksimum van R500 per jaar bedra en kan tot R1 000 verhoog word wanneer dit vir 'n tydperk langer as een jaar verlang word. Daar moet vir elke jaar afsonderlik aansoek gedoen word. Die lenings is rentevry en terugbetaalbaar binne 'n tydperk van twee jaar van die datum af waarop die student kwalifiseer om as mediese praktisyn of as apteker te registreer. Wanneer 'n aansoek om 'n lening oorweeg word, sal die komitee sowel die finansiële en persoonlike omstandighede as akademiese prestasie in aanmerking neem.  
g. Aansoeke om lenings moet deur bemiddeling van die universiteits-/kollege-owerhede gedoen word en moet die owerhede voor of op 30 November bereik om hulle in staat te stel om die aansoeke aan die Sekretaresse van die Mediese- of Farmaseutiese Advieskomitee te stuur voor 31 Januarie.

#### A-75

- a. O K BAZAARS - UNIVERSITEITSBEURS  
b. Onbeperk  
c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit  
d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is en as fondse beskikbaar is  
e. Lesgelde plus 'n toelaag (maks. R300) vir noodsaaklike studiemateriaal

- f. Die OK Bazaars (1929) Beperk stel die beurs beskikbaar vir kinders van personeel = lede van alle rasse, van pensioentrekkers en van oorlede personeellede wat minstens vyf jaar in diens van die Maatskappy was.
- g. Die Personeelbestuurder, OK Bazaars (1929) Beperk, Posbus 3171, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-76

- a. OLIVE SCHREINER - MERIETEBEURS
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar vir hoogstens 3 jaar
- e. R90 p.j.
- f. Die merietebeurs is beskikbaar vir Suid-Afrikaanse vroue, ongeag ras, kleur of geloof. Aansoekers moet voltydse studente wees wat die voorafgaande jaar gematrikuleer het.
- g. Die Eresekretaresse, Olive Schreiner-Merietebeurs, Parkweg 1, Rosebank 7700. 'n Gefrankeerde en geadresseerde kovert moet by alle navrae om aansoekvorms ingesluit word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-77

- a. OOS-LONDENSE MUNISIPALE BEURS
- b. Eerste Baccalaureusgraad of 'n onderwysdiploma
- c. Enige erkende universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R500 p.j.
- f. Die ouers of voogde van applikante moet of belastingbetalers of inwoners van Oos-Londen wees en, in die geval van inwoners, moet hulle die afgelope twee jaar in die stad woonagtig gewees het. Buite en behalwe enige werk wat die beurshouer vir die Raad mag verrig kragtens 'n ooreenkoms, mag hy geen besoldigde werk van enige aard verrig nie, maar sy aandag voltyd aan sy studies wy.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 134, Oos-Londen 5200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is in November.

A-78

- a. OU MUTUAL - AKTUARIËLE BEURSE
- b. Aktuariële rigting - kyk f
- c. 'n Universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 3 of 4 jaar - kyk f
- e. Dek alle gelde (koshuis-, les- ens.) plus 'n toelaag van R180 p.j. vir boeke. Indien die student tuis woon, sal 'n toelaag van dieselfde waarde as die onkoste verbonde aan die koshuis aan hom toegestaan word.
- f. Die beurse is beskikbaar vir studente wat met die oog op 'n aktuariële loopbaan 'n Baccalaureusgraadkursus wil volg. 'n Aansoeker moet daartoe in staat wees om in die Matrikulasië- of Senior Sertifikaateksamen 'n A-simbool in Wiskunde te behaal en goed te kan slaag. Die beurshouer moet vir ten minste dieselfde aantal jare as dié waarvoor die beurs toegeken is onmiddellik na voltooiing van sy graadkursus diens aanvaar. Indien daar nie aan bogenoemde voorwaardes voldoen word nie, is alle beursgelde terugbetaalbaar.

Die beurse is ook beskikbaar vir die vierjarige graadkursus B.Bus.Sc. (Aktuariële Wetenskap) wat deur die Universiteit van Kaapstad aangebied word.

- g. Die Koördineerder, Aktuariële Opleidingsprogram, Die Ou Mutual, Posbus 66, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 September elke jaar.

#### A-79

- a. "OUTSPAN" SITRUSRAADBEURS
- b. B.Sc. Agric. met Tuinbou, Insektekunde of Plantsiektekunde as hoofvak
- c. Universiteite van Natal, Pretoria of Stellenbosch
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurs is slegs vir manlike studente beskikbaar. Die beurshouer onderneem om die Sitrusraad een jaar vir elke jaar wat hy die beurs ontvang het, te dien. Indien sy studies onbevredigend is, moet hy die beursgelde terugbetaal.
- g. Die Bestuurder : Veld en Inspeksiedienste, S.A. Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk, Posbus 1158, Pretoria 0001. Aansoeke in eie handskrif, met twee paslike getuigskrifte en gesertifiseerde matrieksimbole moet aan bogenoemde adres gerig word. Daar is geen sluitingsdatum vir aansoeke nie.

#### A-80

- a. OVS - AFDELING HOSPITAALDIENSTE - BEURSLENINGS
- b. Arbeidsterapie, Dieetkunde, Farmasie, Fisioterapie, Geneeskunde, Spraaktherapie
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurslenings word van die tweede studiejaar af toegeken met voorkeur aan applikante uit die OVS. Toekenning geskied op grond van finansiële behoefte en akademiese prestasies. Beurshouers moet die OVS-Administrasie vir een jaar dien ten opsigte van elke jaar wat 'n beurs ontvang is.
- g. Die Direkteur van Hospitaaldienste, Posbus 517, Bloemfontein 9300. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Oktober.

#### A-81

- a. PALABORA MINING COMPANY - STUDIEBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Enige goedgekeurde universiteit of opleidingskollege in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Registrasie-, klas-, eksamen- en koshuisgelde plus 'n algemene toelaag van R500 p.j.
- f. Hierdie beurse word jaarliks aan Blanke studente op grond van akademiese verdienste toegeken vir enige goedgekeurde universiteits- of diplomakursus. Oorweging sal geskenk word aan kursusse buite die Republiek in die geval van werknemers wat buite Suid-Afrika verwerf is.

Die volgende studente kom in aanmerking:

- (i) Kinders van P.M.C. werknemers;
- (ii) kinders van afgetrede werknemers van die P.M.C.;
- (iii) kinders van werknemers wat oorlede is terwyl hulle in diens van die Maatskappy was;
- (iv) kinders van Phalaborwa-inwoners - vir die doeleinde van die beursskema word Phalaborwa omskrywe as die TPH voertuigregistrasie-distrik; en
- (v) kinders wat nie onder groepe (i) tot (iv) ressorteer nie, maar by die Hoërskool Frans du Toit, Phalaborwa gematrikuleer het. Aansoeke van kinders in hierdie kategorie sal net aanvaar word in die jaar waarin die betrokke kinders hul Matrikulasie of gelykstaande eksamen aflê.
- (vi) Universiteitstudente wat net die eerste studiejaar met sukses voltooi het en die voorwaardes (i) tot en met (iv) nakom. Meer gevorderde studente kom nie in aanmerking nie.

Beurshouers mag nie enige ander beurs hou sonder die goedkeuring van die Beurskomitee nie.

- g. Die Sekretaris, Beurskomitee, Palabora Mining Company Limited, Posbus 65, Phalaborwa 1390. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

#### A-82

- a. PHILIP NEL - VOLKSKAS-GEDENKFONDS
- b. Onbeperk
- c. 'n Afrikaanse universiteit of ander goedgekeurde naskoolse opleidingsinrigting binne die Republiek van Suid-Afrika
- d. Jaarliks hernieubaar vir hoogstens 4 jaar
- e. Maksimum R300 p.j.
- f. Slegs kinders van Volkskas-amptenare, -pensioentrekkers of afgestorwe Volkskas-amptenare wie se dienste by Volkskas deur die dood beëindig is, kan aansoek doen.
- g. Die Bestuurder, Volkskas Beperk, Trustafdeling, Posbus 578, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

#### A-83

- a. PHILIPS ELEKTRONIKA - MERIETEBEURS
- b. Elektrotegniese Ingenieurswese (Swakstroom)
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 200 p.j.
- f. Die merietebeurs is slegs vir Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar. Die enigste maatstaf vir die toekenning van beurse is akademiese prestasie. Daar word nie na die kandidaat se ekonomiese omstandighede verwys nie. Beurshouers moet onderneem om na behaling van die graad B.Sc. Elektrotegniese Ingenieurswese (Swakstroom), by die Maatskappy vir 'n tydperk van twee jaar in diens te tree.
- g. Die Opleidingsbeampte, Suid-Afrikaanse Philips (Edms.) Beperk, Posbus 7703, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

#### A-84

- a. PINETOWN MUNISIPALE MERIETEBEURS
- b. Onbeperk

- c. Enige universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R200 p.j.
- f. Besikbaar vir seuns en dogters van bona fide inwoners van Pinetown. Voorkeur aan applikante wat hul skoolopleiding in Pinetown voltooi het.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 49, Pinetown 3600. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April.

A-85

- a. PRINSLOO-WOLMARANS-STUDIEFONDS
- b. Onbeperk
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit; in enkele gevalle vir oorsese studie
- d. Jaarliks toegeken; hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Word bepaal volgens behoefte
- f. Studielenings is beskikbaar vir behoeftige studente. Voorkeur word gegee aan studente wat verwant is aan die Prinsloo- en Wolmarans-families waarvan die oorledenes afkomstig is.
- g. Die Administrateur, mnr. A.B. van N. Herbst, Prinsloo-Wolmarans Studiefonds, Posbus 2368, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie van elke jaar.

A-86

- a. PROFESSIONELE EKSAMENBEURSE
- b. Staatsdienseksamen in die Regte, die Prokureurstoelatingseksamen, B.Iuris of B.Proc., of 'n universiteitseksamen in die Regte (nie LL.B. nie) wat amptelik deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens as gelykstaande erken word.
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar op grond van goeie vordering
- e. R100 elk p.j.
- f. Vier beurse is beskikbaar vir kandidate wie se matrikulasie- of universiteitsuitslae besonder goed is en wat behoefte het aan finansiële hulp.
- g. Die Sekretaris, Komitee van Universiteitshoofde, Posbus 27392, Sunnyside, Pretoria 0132. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-87

- a. QUENTIN SMYTHE-GEDENKBEURS
- b. Onbeperk
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 3 jaar
- e. R300 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir leerlinge wat die Hoërskool Estcourt in sts. 9 en 10 bygewoon het. Die toekenning geskied hoofsaaklik op grond van akademiese prestasies wat in die Natalse Senior Sertifikaatseksamen behaal is.
- g. Die Skoolhoof, Hoërskool Estcourt, Privaatsak X770, Estcourt 3310. Aansoeke moet ontvang word voor die einde van Januarie wat volg op die Senior Sertifikaatseksamen.

A-88

- a. RAAD OP ATOOMKRAAG - VOORGRAADSE BEURSE
- b. Meganiese, Metallurgiese, Elektrotegniese of Chemiese Ingenieurswese; Materiaalwetenskap, Metallurgie, Wiskunde, Fisika, Chemie, Biochemie, Geologie, Rekenaarwetenskap of Biblioteekkunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus, jaarliks hernieubaar
- e. Vereiste bedrag tot 'n maksimum van R1 000 p.j. met 'n volstreekte maksimum van R5 000 vir die hele kursus
- f. -
- g. Die Personeelbeampte, Raad op Atoomkrag, Privaatsak X256, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-89

- a. RAND CARBIDE-BEURS
- b. B.Sc. Ingenieurswese
- c. 'n Goedgekeurde Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is vir 'n maksimum van vier jaar
- e. Losiesgelde, klasgelde en 'n klein persoonlike toelaag
- f. Om in aanmerking te kom vir 'n beurs moet die applikant in een van die landdrosdistrikte van Bronkhorstspuit, Witbank, Middelburg (Tvl.), Belfast, Delmas of Bethal woonagtig wees; en die Matrikulasiesertifikaat- of gelykwaardige eksamen goed geslaag het. Daar kan van die beurshouer verwag word om na voltooiing van sy studies by die Maatskappy in diens te tree.
- g. Die Werksbestuurder, Rand Carbide Beperk, Posbus 214, Witbank 1035, of die Sekretaris, Rand Carbide Beperk, Posbus 4380, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

A-90

- a. RAND MINES BEPERK - UNIVERSITEITSBEURSSKEMA
- b. Chemiese, Elektrotegniese (swaarstroom), Meganiese of Mynbou-ingenieurswese; Metallurgie; Mynbou-Geologie
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vlytigheid en vordering bevredigend is
- e. Les- en losiesgelde plus 'n privaattoelaag van R650 p.j. vir boeke ens.
- f. Beurse is beskikbaar vir studente wat hul eerste of daaropvolgende studiejare suksesvol voltooi het; studente wat hul Senior Sertifikaateksamen geslaag het, en aan werknemers of afhanklikes van werknemers van enige maatskappy wat aan die Barlow Rand Groep behoort. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van 'n firma van die Rand Mines Groep tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken is.
- g. Die Personeelbestuurder, Rand Mines Beperk, Posbus 62370, Marshalltown 2107. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 September.

A-91

- a. RANDWATERRAADBEURSE
- b. Chemiese, Meganiese, Elektrotegniese, Elektroniese of Siviele Ingenieurswese; Sielkunde; Regsgeleerdheid; Handel of Administrasie
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. Registrasie-, les-, eksamen- en losiesgelde aan die universiteit betaalbaar plus 'n bedrag van R200 aan die beurshouer vir die aankoop van boeke, instrumente ens.
- f. Die beurse is beskikbaar vir Blanke Suid-Afrikaanse burgers vir voltydse graadstudie. Applikante moet gegradueerdes wees, of ongegradueerdes aan 'n universiteit, of gematrikuleerdes of skoliere wat die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen aan die einde van die lopende jaar sal aflê, wees.
- g. Die Personeelbestuurder, Randwaterraad, Posbus 1127, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-92

- a. REX POYNTON - STUDIEBEURS
- b. Handel
- c. Enige universiteit
- d. 1 jaar of langer
- e. R200 p.j.
- f. Beskikbaar vir voltydse studente
- g. Die Skakelbeampte, Die Pretoriase Kamer van Koophandel, Posbus 72, Pretoria 0001. Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

A-93

- a. RHODES-MERIETEBEURSE
- b. Enige graad wat deur die Universiteit van Oxford toegeken word en waarvoor die kandidaat in aanmerking kom
- c. Universiteit van Oxford
- d. 2 of 3 jaar
- e. + £3 800 elk p.j.
- f. Merietebeurse word jaarliks toegeken en word soos volg toegewys : Vier merietebeurse vir Suid-Afrika as geheel; een merietebeurs elk aan Natal; die Diocesaan-kollege, Rondebosch; die Paul Roos-gimnasium, Stellenbosch; St Andrewkollege, Grahamstad; en die Suid-Afrikaanse Kollege-skool, Kaapstad.

'n Kandidaat moet 'n Suid-Afrikaanse burger of Britse onderdaan of 'n burger van Botswana, Lesotho of Swaziland wees wat ten minste vyf jaar in Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika of Swaziland woonagtig was, ongetroud wees en bo negentien jaar maar onder vyf-en-twintig jaar oud wees op 1 Oktober in die jaar van toekenning. Kandidate moet een-en-twintig maande se studie aan 'n universiteit in Suid-Afrika of aan enige goedgekeurde universiteit op 1 Oktober in die jaar van toekenning voltooi het.

Wanneer benoemings gedoen word, word die volgende hoedanighede in aanmerking geneem: Literêre en skolasiese bekwaamhede; eerlikheid, moed, toewyding aan diens, simpatie, goedhartigheid, onselfsugtigheid en kameraadskap; bewys van morele standvastigheid van karakter, leierseienskappe en belangstelling in sy/haar medemens; liggaamlike krag soos bewys deur 'n liefde vir en sukses behaal in opelugsport.

- g. Die sekretarisse van die Keurkomitees in die streke, naamlik:
- Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika en Swaziland  
 ..... J.S. Kane-Berman, Posbus 41468, Craighall 2024
- Kaaprovinsie ..... P.N. Sauerma, Posbus 3132, Kaapstad 8000
- Natal ..... T.P. Bedford, Posbus 37069, Overport 4067
- Oranje-Vrystaat ..... H.J. Newdigate, Posbus 501, Bloemfontein 9300
- Transvaal ..... D.L. van Coller, Posbus 61587, Marshalltown 2107, of  
 Mainstraat 44, Johannesburg
- of die Algemene Sekretaris vir Rhodes-merietebeurse in Suid-Afrika  
 ..... R.S. Welsh, Q.C., Posbus 41468, Craighall 2024.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 September.

A-94

- a. ROBERT ACUTT-MERIETEBEURS
- b. Enige kulturele kursus met Engels as hoofvak
- c. 'n Goedgekeurde kollege of universiteit in die Verenigde Koninkryk, Europa of Suid-Afrika
- d. 2 jaar
- e. R400 p.j.
- f. Kandidate moet Blanke meisies wees wat vir minstens 'n jaar onmiddellik voor die eksamen hul onderwys in die stadsgebied van Durban ontvang het, wie se tuiste in Durban of binne 'n radius van 20 myl van die Durbanse Stadsaal is, en wat op 1 Januarie wat die skool-eindeksamen voorafgaan, onder die ouderdom van 18 jaar was. Die toekenning sal op grond van die uitslae van die Natalse Senior Sertifikaateksamen of die Matrikulasie-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad geskied.
- g. Die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X9044, Pietermaritzburg 3200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-95

- a. ROBERTS CONSTRUCTION - UNIVERSITEITSLENINGSKEMA
- b. Siviele, Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese; of Boukunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. Ongeveer R1 500 p.j., dek onderriggelde, losiesgelde en R125 boektoelae
- f. Aanvanklik is alle bedrae wat uitbetaal word in die vorm van 'n lening. Na elke studiejaar wat met sukses voltooi is, word boektoelae in toekennings omgeskep. Lesgelde word in toekennings omgeskep as die beurshouer na graduering by die Maatskappy in diens tree op die basis van een jaar diens vir twee jaar se gelde.
- g. Die Groeppersoneelbestuurder, Roberts Construction Company Limited, Posbus 1000, Bedfordview 2008. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 Oktober.



A-96

- a. ROODEPOORTSE MUNISIPALE BEURSE VIR INGENIEURSWESE EN REKENINGKUNDE
- b. Siviele, Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese of Rekeningkunde
- c. n Universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die volle duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. R1 500 p.j.
- f. Die Roodepoortse Stadsraad stel jaarliks n beperkte aantal beurse beskikbaar aan Blanke studente. Studente wat reeds aan n universiteit studeer en skoliere wat in die Matrikulasie- of n gelykstaande eksamen geslaag het en tot n universiteit toegelaat kan word, kan aansoek doen.  
Beurshouers moet vakansieopleiding volgens die vereistes van die universiteit in die werkwinkels, Tesourie-afdeling of ander inrigtings van die Raad ondergaan. Vir enige tydperk wat hierdeur in beslag geneem word, is hulle geregtig op die salaris wat die Raad gewoonlik aan beursstudente betaal.  
n Beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van die Raad tree vir minstens 7 jaar in die geval van B.Sc. Ing.-studente en 5 jaar in die geval van B.Com.-studente.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 217, Roodepoort 1725. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-97

- a. SABRA-BEURSE
- b. Geesteswetenskappe
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar vir n tweede of derde jaar indien vordering bevredigend is
- e. R100 p.j.
- f. Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede stel vier beurse per jaar beskikbaar vir studente wat aan Sabra se jeugprogramme vir hoërskoolleerlinge deelgeneem het.
- g. Die Direkteur, SABRA, Posbus 2768, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-98

- a. S.A.I.CHEM.I. - STUDIEBEURS
- b. Chemiese Ingenieurswese
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar vir n tweede jaar indien vordering bevredigend is
- e. Tot R500 p.j. (na gelang van die omstandighede by die toekenning)
- f. Beschikbaar vir studente in hul voorlaaste en finale studiejare. Keuring geskied op grond van skolastiese aanleg, persoonlikheid, inisiatief, leierskap, vindingrykheid, pligsgetrouheid en finansiële omstandighede.
- g. Die Hoof van die Departement Chemiese Ingenieurswese van die student se universiteit.

A-99

- a. SANLAM - UNIVERSITEITSBEURSE
- b. (i) Wiskundige rigting - kyk f  
(ii) Boukunde, Siviele of Elektrotegniese Ingenieurswese; Ekonomiese navorsing, Personeel en Bestuursrekeningkunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. Volle les-, losies- en registrasiegelde asook R200 sakgeld
- f. (i) Sanlam stel jaarliks beurse beskikbaar aan belowende manlike matrikulante en studente wat 'n graadkursus beoog of volg in 'n wiskundige rigting en wat belangstel in 'n latere loopbaan as aktuaris, operasionele navorser of rekenaarprogrammeerder.  
(ii) 'n Beperkte aantal beurse kan ook toegestaan word in die rigtings genoem onder b.(ii).  
Die beurshouer moet na voltooiing van sy studie by Sanlam in diens tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare waarvoor hy die beurs ontvang het.
- g. Die Personeelbestuurder, Sanlam, Posbus 1, Sanlamhof 7532. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 September.

A-100

- a. SANTAM VERSEKERINGSTUDIEBEURSE
- b. Handel
- c. 'n Goedgekeurde Afrikaansmedium-universiteit
- d. 3 jaar, mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Beurse is beskikbaar slegs vir manstudente. 'n Beurshouer moet vir minstens drie jaar na voltooiing van sy studies by die Maatskappy in diens tree. Die beurshouer word nie toegelaat om na behaling van sy graad met verdere voltydse studie voort te gaan nie.
- g. Die Personeelbestuurder, Santam Versekeringsmaatskappy Beperk, Posbus 653, Kaapstad 8000, of van enige Santam versekeringskantoor. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-101

- a. SARACCA-UNIVERSITEITSBEURS
- b. Meganiese Ingenieurswese of Meganiese Ingenieurswese met spesialisasie in Verkoeling en Lugreëling
- c. Enige universiteit wat die kursusse aanbied (Slegs die Universiteit van Stellenbosch bied die spesialiseringkursus Verkoeling en Lugreëling aan.)
- d. Jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is, vir die duur van die kursus
- e. R1 400 p.j.
- f. Die beurshouer moet vir ten minste drie jaar na voltooiing van sy graadkursus, diens aanvaar by 'n lid van SARACCA, anders sal hy teen netto koste die volle bedrag van die beurs wat hy ontvang het onmiddellik aan SARACCA moet terugbetaal.
- g. Die Direkteur, South African Industrial Refrigeration and Air Conditioning Contractors' Association, Posbus 1338, Johannesburg 2000.

A-102

- a. SASOL-GROEP-BEURSE
- b. Chemiese, Elektrotegniese (swaarstroom), Meganiese of Mynbou-ingenieurswese; B.Sc. Chemie (Hons.); Bedryfsielkunde; of n ander studierigting wat volgens behoefte van tyd tot tyd vasgestel word
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van die kursus onderhewig aan sekere voorwaardes
- e. Les-, registrasie- en laboratoriumgelde; losiesgelde teen die betrokke universiteit se tarief vir n dubbelkamer; plus R250 vir sakgeld. Hulp word ook aan n tweedejaar-ingenieurstudent verleen vir die aankoop van n sakrekenaar tot + R80.
- f. Aansoeke van matrikulante en studente in enige jaar van studie wat geen ander beursverpligting het nie en Suid-Afrikaanse burgers is, word oorweeg.
- g. Die Groeppersoneelbestuurder, Departement Personeeldienste, Sasol, Posbus 1, Sasolburg 9570. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

A-103

- a. S.A.T.S. "GENERAL BOTHA" OLD BOYS' ASSOCIATION - OORLOGGEDENKFONDSBEURS
- b. Onbeperk
- c. Onbeperk
- d. -
- e. Bedrae wissel van R50 p.j. tot R200 p.j.
- f. Die beurse vir hoër onderwys is beskikbaar vir seuns en dogters van oud-kadette van "General Botha"-inrigtings.
- g. Die S.A.T.S. "General Botha" Old Boys' Association War Memorial Fund, Posbus 3767, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Oktober van elke jaar.

A-104

- a. SAVAGE AND LOVEMORE (KAAP) (EDMS.) BPK. - BEURSE
- b. Siviele Ingenieurswese
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit - universiteite in die Kaapprovinsie by voorkeur
- d. Duur van kursus
- e. Dek les- en losiesgelde en voorgeskrewe boeke
- f. Beurse is beskikbaar vir studente wat hul eerste studiejaar suksesvol voltooi het. Gegradueerdes moet vir twaalf maande vir die Maatskappy werk. Studente moet gedurende die vakansies by die Maatskappy werk.
- g. Die Direkteur : Personeel en Opleiding, Savage and Lovemore (Kaap) (Edms.) Bpk., Posbus 7172, Port Elizabeth 6055. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 September.

A-105

- a. S A WEERMAG - AKADEMIESE OPLEIDINGSKEMA
  - (i) B.Mil. in die B.A.-, B.Sc.- of B.Com.-rigting
  - (ii) Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese - S A Leër of S A Vloot
  - (iii) Geneeskunde of Tandheelkunde
- c.
  - (i) Militêre Akademie, Saldanha
  - (ii) S A Leërstudente te Universiteit van Pretoria en S A Vlootstudente te Universiteit van Stellenbosch
  - (iii) Universiteit van Pretoria

- d. (i) Vier jaar  
(ii) Leërstudente : Vier jaar akademiese studie voorafgegaan deur een jaar soortige (Leër-) opleiding - totaal 5 jaar  
Vlootstudente : Vyf jaar akademiese studie voorafgegaan deur een jaar vloot-opleiding - totaal 6 jaar  
(iii) Kandidate kan van hul eerste jaar af aansoek doen om van die skema gebruik te maak - totaal 6 jaar
- e. (i) Eerste jaar R2 100  
Tweede jaar R2 400  
Derde jaar R2 700  
Vierde jaar R2 850
- (ii) Eerste jaar R2 100  
Tweede jaar (eerste akademiese jaar) R2 400  
Derde jaar (tweede akademiese jaar) R2 700  
Vierde jaar (derde akademiese jaar) R2 850  
Vyfde jaar (Vierde akademiese jaar) R3 000  
Sesde jaar (slegs S A Vlootstudente in hul vyfde akademiese jaar) R3 150
- (iii) Eerste jaar R2 100  
Tweede jaar R2 400  
Derde jaar R2 700  
Vierde jaar R2 850  
Vyfde jaar R3 000  
Sesde jaar R3 150

Let wel: . Studente is verantwoordelik vir hulle eie registrasie-, klas- en eksamengetde, asmede boeke en ander benodigdhede vir hul studies. Daar word ook van hulle verwag om in militêre klubs tuis te gaan teen 'n geringe losies- en inwoningsheffing.

- f. (i) Manlike gematrikuleerdes kan in aanmerking geneem word vir akademiese opleiding aan die Militêre Akademie.
- Kandidate moet in besit wees van 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievystelling) wat die vakke Afrikaans, Engels en Wiskunde insluit. Kandidate moet op die aanvangsdatum van die kursus ongetroud en nie jonger as 17 of ouer as 23 jaar wees nie. 'n Geboortesertifikaat word vereis.
- Kandidate moet medies geskik wees. Hulle moet by keuring om met die derde fase van hul opleiding voort te gaan, 'n ooreenkoms met die Departement aangaan, bygestaan deur hul ouers of voogde, waarin hulle hul vir drie jaar diens verbind as offisier na voltooiing van die kursus. Kandidate wat vir opleiding as beroepsoffisiere gekeur word, ondergaan:
- Fase 1 - drie maande basiese militêre opleiding  
Fase 2 - ses maande vormingsopleiding by die Militêre Akademie  
Fase 3 - vier-en-twintig maande akademiese opleiding in die besondere rigting  
Fase 4 - vyftien maande eiesoortige opleiding by verskeie militêre inrigtings.
- Die Militêre Akademie is 'n volwaardige Fakulteit van Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch. Elke kandidaat-offisier is terselfdertyd 'n student van die universiteit van Stellenbosch.
- Die B.Mil.-graad kan na 'n M.A.-, M.Sc.- of M.Com-graad lei.
- (ii) Manlike gematrikuleerdes kan in aanmerking geneem word vir akademiese opleiding aan die Universiteite van Pretoria of Stellenbosch vir onderskeidelik Leër- en Vlootlede.
- Kandidate moet in besit wees van 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievystelling) met die vakke Afrikaans, Engels en Wiskunde ingesluit.
- Kandidate moet op die aanvangsdatum van die kursus ongetroud en nie jonger as 17 of ouer as 21 jaar wees nie. 'n Geboortesertifikaat word vereis. Kandidate moet voor hul opleiding 'n aanvang neem, medies geskik wees en hulle

by wyse van 'n kontrak vir 'n tydperk van een jaar vir elke jaar van studie, plus een bykomende jaar, vir diens as professionele offisier verbind.

Vervolgens word ook verwag dat applikante keuringstoetse moet aflê en deur 'n keurraad vir akademiese opleiding gekeur word.

Gedurende die universiteitskwartale sal geen na-uurse militêre verpligtinge aan kandidaat-offisiere opgedra word nie. Hulle kan wel toegelaat word om aan buitemuurse aktiwiteite van die universiteite deel te neem.

- (iii) Aansoeke van manlike gematrikuleerdes asook Mediese en Tandheelkundige studente van enige universiteit wat reeds hul eerste of latere jaar van studie met welslae afgelê het, sal oorweeg word vir aansluiting by die Staande Mag om hul studies as militêre studente voort te sit.

Applikante moet voor 'n keurraad verskyn, en dié wat gekeur word, moet medies geskik wees.

Mediese en Tandheelkundige studente word nie toegelaat om in die huwelik te tree alvorens hulle as geneeshere of tandartse geregistreer is nie. Van suksesvolle kandidate word verwag om 'n kontrak met die Departement aan te gaan en hulle moet bereid wees om in die S A Weermag as Mediese of Tandheelkundige offisiere te dien vir 'n tydperk van een jaar langer as die tydperk deurgebring as militêre akademiese studente.

Gedurende universiteitskwartale word geen militêre verpligtinge aan studente opgedra nie. Hulle kan egter toegelaat word om aan alle buitemuurse aktiwiteite van die universiteit, uitgesonderd georganiseerde sport, deel te neem.

Met uitsondering van die verloftydperk in Desember, wat nie 30 dae te bowe kan gaan nie, word die ander universiteits-resestye voltyds aan militêre opleiding gewy.

- g. Die Geneesheer-generaal, Privaatsak X202, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie van elke jaar.

#### A-106

- a. SEIFSA-UNIVERSITEITSBEURSE  
b. Ingenieurswese, Handel (Administrasie of Bestuur), Rekenaarwetenskap of M.B.A.  
c. Enige universiteit in Suid-Afrika  
d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar mits vordering bevredigend is  
e. R1 200 p.j.  
f. Aansoekers mag nie in besit wees van 'n ander beurs nie. Net vir voltydse studie beskikbaar.  
g. Die Hoof, Afdeling Onderwys en Opleiding, SEIFSA, Posbus 1338, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

#### A-107

- a. SENTRALE LANDMETERSRAAD-BEURS/LENING  
b. Landmeetkunde  
c. Universiteite van Kaapstad, Natal, Pretoria en die Witwatersrand  
d. Jaarliks hernieubaar vir volle vier jaar van die kursus  
e. Lesgelde plus R50  
f. Twee beurse is beskikbaar.  
g. Die Registrateur, Die Sentrale Landmetersraad van die Republiek van Suid-Afrika, Posbus 61019, Marshalltown 2107.

A-108

- a. SHELL-STUDIEBEURSSKEMA
- b. Besigheidswetenskap, Biochemie, Chemie, Chemiese Ingenieurswese, Ekonomie, Fisika, Gedragwetenskap, Geologie, Landbou, Omgewingswetenskap, Rekenaarwetenskap, Rekeningkunde, Werktuigkundige Ingenieurswese, Wiskunde
- c. 'n Goedgekeurde opvoedkundige inrigting
- d. 1 jaar
- e. Dek lesgeelde, 'n toelae vir boeke en toevallige uitgawes. In sekere gevalle kan daar ook tot verblyfkkoste bygedra word.
- f. Beurse is beskikbaar vir voltydse voor- en nagraadse studie. Ongegradueerdes wat aan Suid-Afrikaanse universiteite studeer, wat nie ouer as 25 jaar is nie en in Suidelike Afrika woonagtig is, kan aansoek doen. Beurshouers moet gedurende die universiteitsvakansie aan die einde van die jaar wat hulle 'n beurs ontvang het, vir Shell-maatskappye teen vergoeding werk.
- g. Die Sekretaris, Shell-studiebeursskema, Shell Suid-Afrika (Edms.) Beperk, Posbus 2231, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 7 November.

A-109

- a. SIEMENSBEURS
- b. Elektrotegniese Ingenieurswese
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 300 p.j.
- f. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus by Siemens in diens tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken is.
- g. Die Opleidingsbeampte, Siemens Beperk, Posbus 4583, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-110

- a. SIMON BEKKER-GEDENKFONDS
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit of inrigting wat in Transvaal geleë is
- d. Jaarliks, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Ongeveer R300 p.j.
- f. Voltydse studente wie se ouers vir minstens een jaar in die Transvaal woonagtig is en wat hulle opleiding in die Transvaal ontvang, kom in aanmerking vir lenings. Die lenings is terugbetaalbaar nadat die leninghouers hul voltydse studies voltooi het, volgens voorwaardes wat van die Sekretarisse verkry kan word.
- g. Die Sekretarisse, Posbus 956, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie.

A-111

- a. S.M. GOLDSTEIN-GROEP-BEURS
- b. Siviele Ingenieurswese, Boukunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit

- d. Duur van kursus, indien vordering bevredigend is
- e. Tot R1 200 p.j. plus volle gelde - kyk f
- f. Toekenning geskied op grond van akademiese prestasie, ondervinding, finansiële behoefte en aanleg. Applikante se militêre opleiding moet voltooi wees. Indien die beurshouer net gelde ontvang, moet hy gedurende die lang vakansies vir die firma werk en so ook vir minstens ses maande na graduering. As hy gelde en ook 'n toelaag ontvang, moet hy by die maatskappypersoneel onmiddellik as 'n besoldigde werknemer aansluit, en as sodanig is hy geregtig op pensioen en mediese voordele en al die voorwaardes van 'n gewone werknemer. Sy studies word beskou as een van sy werknemerspligte. Die applikant moet vir ses maande na graduering aanhou werk vir die firma.
- g. Die Besturende Direkteur, S.M. Goldstein & Kie. (Edms.) Beperk, Posbus 39167, Bramley 2018.

A-112

- a. STAATSDIENSBEURSSKEMA
- b. Algemene Administrasie, Finansiële Administrasie, Personeeladministrasie; Biblioteekwese; Bodemkunde; Bosbou; Bourekenkunde; Dieetkunde; Geneeskunde; Geofisika; Geohidrologie; Geologie; Handels- en Ekonomiese Wetenskappe; Hidrologie; Ingenieurswese (Elektrotegniese/Elektriese, Landbou-, Meganiese, Mynbou-, Siviele); Landbou; Maatskaplike Werk; Metallurgie; Mynbou-Geologie; Onderwys (insluitende Buitengewoon, Liggaamlike Opvoeding, Musiek, Huishoudkunde, Kleuteropvoeding ens.); Paramedies: Arbeidsterapie, Fisioterapie, Spraakterapie; Programmering (Rekenaarwetenskap); Regsgeleerdheid; Suiwer Natuurwetenskappe; Tandheelkunde; Veeartsenykunde; Vertaalkunde (Rhodes-universiteit); Weerkunde
- c. Enige erkende Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Minimum duur (of oorblywende duur) van betrokke kursus
- e. R1 000 p.j. vir voltydse studie  
R300 p.j. vir deeltydse studie (kyk f)
- f. Toekenning geskied op grond van verdienstelikheid. Kandidate moet onderneem om na die suksesvolle voltooiing van hul kursusse die Staat of die betrokke beheerraad, te dien vir een jaar ten opsigte van elke jaar waarin die beurs benut is.  
Beurse vir deeltydse studie is slegs vir beamptes van die Staatsdiens beskikbaar.
- g. Die Sekretaris, Staatsdienskommissie, Privaatsak X121, Pretoria 0001. (Kamer 339, Derde Verdieping, Noordvaalgebou, Vermeulenstraat, Pretoria. Telefoon 41-4411). Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-113

- a. STAD BLOEMFONTEIN - BEURSE
- b. Elektrotegniese, Meganiese of Siviele Ingenieurswese; of Argitektuur
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. R1 500 elk p.j.
- f. Applikante moet Suid-Afrikaanse burgers wees; oor matrikulasievrystelling beskik met slaagsyfers in Wiskunde, Afrikaans en Engels, en liggaamlik en verstandelik geskik wees om die kursus te kan volg. Studente wat reeds die betrokke studierigting volg, kan ook aansoek doen. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van die Stadsraad tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken was.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 288, Bloemfontein 9300.

A-114

- a. STAD JOHANNESBURG - BEURSE
- b. Siviele, Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese; Industriële Chemie; Chemie (Honneurs); Biochemie (Honneurs); Stads- en Streekbeplanning; Landmeetkunde; Boukunde; Bourekenkunde; Argitektuur; B. Com. (Vervoer); B.Sc. (hoofvakke: Wiskunde en Wiskundige Statistiek); Rekenaarwetenskap; LL.B.; B. Proc.; Parke en Ontspanningsadministrasie (Universiteit van Stellenbosch)
- c. 'n Afrikaans- of Engelsmedium-universiteit
- d. Duur van die kursus
- e. Lesgelde plus 'n jaarlikse toelae van R700. Verblyf koste word in sekere gevalle betaal.
- f. Beurse word jaarliks deur die Stad Johannesburg toegeken. Beurshouers moet tydens die winter- en somervakansies by die Raad werk. Beurshouers moet, na goeddunke van die Raad, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin hulle die eindeksamen met welslae afgelê het, minstens een jaar vir elke jaar waarvoor hulle geldelike hulp van die Raad ontvang het, in sy diens aanbly. Die Stadsraad vra aansoeke aan in die pers.
- g. Die Voorsitter, Personeelraad, Stad Johannesburg, Posbus 10638, Johannesburg 2000 of Kamer 124, Stadshuis, Johannesburg. Die sluitingsdatum vir aansoeke is die einde van September.

A-115

- a. STAD KAAPSTAD - BEURSLENINGSKEMA
- b. Siviele, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Chemiese Ingenieurswese; Stads- en Streekbeplanning; Landmeetkunde; Handel; Ekonomie; Administrasie; Argitektuur; Biblioteekwese of Sosiale Wetenskappe
- c. Enige goedgekeurde Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. Registrasie- en lesgelde plus 'n jaarlikse toelaag van R400 vir addisionele uitgawes
- f. Die aantal beurse wat jaarliks beskikbaar is en die fakulteite waarin hulle toegeken word, word jaarliks deur die Raad bepaal. Beskikbare beurse vir die volgende jaar word gedurende September/Oktober in plaaslike koerante geadverteer. Na voltooiing van die kursus moet die beurshouer in diens van die Stadsraad van Kaapstad tree vir 'n tydperk gelykstaande aan dié waarvoor finansiële hulp verleen is. Beurse is beskikbaar aan studente wat 'n kursus reeds gedeeltelik voltooi het, sowel as aan diegene wat vir die eerste keer aan 'n universiteit inskryf.
- g. Die Stadsklerk, Stad Kaapstad, Posbus 298, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is gewoonlik die laaste week in Oktober.

A-116

- a. STADSRAAD VAN BRAKPAN - BEURSLENINGS
- b. Onbeperk
- c. Enige universiteit
- d. Jaarliks hernieubaar, mits vordering bevredigend is, vir hoogstens 6 jaar
- e. R400 p.j.



- f. Beurslenings kan toegeken word aan studente wat vir 'n tydperk van minstens 3 jaar in die munisipaliteit Brakpan woonagtig was en wat binne 'n tydperk van 2 jaar voor die datum van aansoek die matrikulasie-eksamen geslaag het met 'n gemiddelde van minstens 50 persent.
- g. Die Stadsklerk, Stadsraad van Brakpan, Posbus 15, Brakpan 1540.

A-117 GEKANSELLEER

A-118

- a. STADSRAAD VAN KIMBERLEY - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. 'n Goedgekeurde universiteit of opleidingskollege
- d. 1 jaar, hernieubaar
- e. Kyk f
- f. Die Stadsraad stel jaarliks 'n bedrag van R1 000 beskikbaar vir toekenning aan skoliere van Kimberley. Die bedrag van die beurs word bepaal deur die aantal aansoeke wat van benoembare studente ontvang word. Slegs studente wat hulle eerste of daaropvolgende jaar aan 'n universiteit of opleidingskollege suksesvol voltooi het, kom in aanmerking.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 628, Kimberley 8300.

A-119

- a. STADSRAAD VAN KLERKSDORP - BEURSLENING
- b. Siviele Ingenieurswese; Parke- en Ontspanningsadministrasie (Universiteit van Stellenbosch)
- c. Enige erkende Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 4 jaar, mits vordering bevredigend is
- e. R1 200 p.j.
- f. Die Stadsraad kan vereis dat die lener na voltooiing van sy studiekursus in die Raad se diens tree vir 'n tydperk van drie jaar. Indien die Raad nie vereis dat die lener na voltooiing van studiekursus in diens van die Raad tree nie is die totale lening tesame met rente teen 4 persent daarop terugbetaalbaar aan die Stadsraad oor 'n tydperk van vyf jaar.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 99, Klerksdorp 2570. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-120

- a. STADSRAAD VAN PORT ELIZABETH - BEURSE
- b. Ingenieurswese, Stadsbeplanning, Argitektuur, Geneeskunde, Finansies (met insluiting van Rekenaarwetenskap), Administrasie
- c. 'n Universiteit in Suid-Afrika
- d. Duur van die kursus
- e. Maksimum R1 500 p.j.

- f. Die Stadsraad stel beurse vir voltydse studie beskikbaar aan persone wat in Port Elizabeth woonagtig is. Die bedrag van die beurs sal deur die Raad vasgestel word. Die beurs is bestem vir persone wat by die Port Elizabethse Munisipaliteit wil aansluit en daar sal van beurshouers verwag word om die Raad te dien vir 'n tydperk van 12 maande vir elke akademiese jaar waarvoor die beurs uitbetaal is.
- g. Die Personeelbestuurder, Posbus 116, Port Elizabeth 6000. Aansoeke om beurse sal teen Augustus/September elke jaar gevra word.

#### A-121

- a. STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM - BEURS
- b. Ingenieurswese
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit met 'n Fakulteit van Ingenieurswese
- d. 4 jaar
- e. R800 p.j.
- f. Beurse is beskikbaar van die tweede studiejaar af. Beurshouers moet na voltooiing van hulle studies by die Stadsraad van Potchefstroom in diens tree.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 113, Potchefstroom 2520. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

#### A-122

- a. STADSRAAD VAN RANDFONTEIN - BEURSLENINGS
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Duur van kursus indien vordering bevredigend is
- e. Hoogstens R500 p.j.
- f. Die kandidaat se ouers moet bona fide-inwoners van die munisipale gebied van Randburg wees; hy moet twee aanvaarbare borge verskaf en in besit wees van 'n Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat. Die lenings is rentevry gedurende die studietydperk. Daarna word rente bereken teen 8 persent per jaar.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 218, Randfontein 1760. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

#### A-123

- a. STADSRAAD VAN SANDTON - BEURSLENING
- b. Siviele of Elektrotegniese Ingenieurswese; Argitektuur; Geneeskunde; Handel; Publieke Administrasie; Regsgeleerdheid; Stads- en Streekbeplanning
- c. Enige universiteit
- d. 1 jaar; hernieubaar indien vordering bevredigend is vir die normale duur van die kursus met 'n maksimum van 6 jaar
- e. R1 200 p.j.
- f. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van die Raad tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken was.
- g. Die Klerk van die Raad, Posbus 78001, Sandton 2146. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-124

- a. STADSRAAD VAN SPRINGS - BEURSLENINGS
- b. Onbeperk, kyk ook f
- c. 'n Opvoedkundige inrigting
- d. Duur van kursus, maar nie vir langer as 6 jaar nie, mits vordering bevredigend is
- e. Maksimum R750 p.j. of R4 500 in die geheel
- f. Aansoekers moet op die datum van aansoek 'n plaaslike hoërskool vir 'n tydperk van twee jaar bygewoon het; of die ouers of wettige voogde van die aansoekers moet op die datum van aansoek twee jaar binne die munisipaliteit van Springs woonagtig wees of die eienaars wees van eiendom wat binne die munisipaliteit van Springs geleë is en waarop eiendomsbelasting aan die Raad betaal word.  

Rente teen 2½ persent per jaar op halfjaarlikse voorskotte sal gehef word tot die datum waarop die eerste terugbetalingspaaierement gemaak moet word soos hierna voorsien, na welke datum rente teen 8,5 persent per jaar gehef sal word, bereken tot die einde van die kalenderhalfjaar waarin die datum ontstaan, en daarvandaan halfjaarliks vooruitberekenbaar op balanse van tyd tot tyd uitstaande.

Die Raad mag ook een beurslening per jaar vir Ingenieurswese op die volgende voorwaarde toeken: Dat die lening in 'n beurs verander word indien die Raad so= danige student in diens neem, en die verandering sal plaasvind op die basis van een jaar terugbetaling aan die student, insluitende rente, vir elke jaar diens by die Raad.
- g. Die Klerk van die Raad, Posbus 45, Springs 1560.

A-125

- a. STADSRAAD VAN VEREENIGING - STUDIELENING
- b. Onbeperk
- c. Enige universiteit, onderwyskollege of technikon
- d. Duur van kursus (Maksimum van 6 jaar)
- e. Maksimum van R425 p.j.
- f. Studieleenings vir voltydse studie is beskikbaar vir studente wie se ouers be= lastingbetalers binne die munisipaliteit van Vereeniging is. Die lening is rentevry gedurende die studietydperk en moet teen 5 persent enkelvoudige rente per jaar oor 'n tydperk gelykstaande aan die aantal studiejare terugbetaal word.
- g. Die Klerk van die Raad, Posbus 35, Vereeniging 1930. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 2 Januarie.

A-126

- a. STADSRAAD VAN WITBANK - BEURSE
- b. Plaaslike Bestuurswese
- c. Enige erkende hoër opvoedkundige inrigting
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. Maksimum van R1 000 p.j.
- f. Beskikbaar vir inwoners van Witbank wat 'n hoërskool in die munisipale gebied van Witbank bygewoon het en wat vir toelating tot 'n hoër opvoedkundige inrigting kwalifiseer.

Die beurshouer moet voltyds studeer en gedurende die Julie- en Desember vakansies by die Raad in diens tree teen vergoeding. Hy moet 'n lewensversekeringspolis uitneem en dit aan die Raad sê. Die beurshouer moet na voltooiing van sy kursus in diens van die Raad tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken is.

- g. Die Stadsklerk, Posbus 3, Witbank 1035. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

#### A-127

- a. STOCKS MANAGEMENT - UNIVERSITEITSBEURS  
b. B.Sc. (Boubestuur) of 'n gelykstaande graad  
c. Universiteit van Pretoria of enige ander universiteit in die Republiek van Suid-Afrika wat 'n goedgekeurde gelykstaande kursus aanbied  
d. 5 jaar mits vordering bevredigend is  
e. R250 p.j.  
f. Die beurs is beskikbaar deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswese. Die waarde van die beurs sal van tyd tot tyd deur die skenker, Stocks en Stocks (Edms.) Beperk, Pretoria, vasgestel word, en is bedoel om te help met onderrigsgelde asook sekere bykomende uitgawes op boeke in sekere gevalle. Faktore wat oorweeg sal word by die toekenning van 'n beurs sal die applikant se vorige akademiese prestasies en sy aanleg, karakter, persoonlikheid en finansiële omstandighede behels.

Van elke beurshouer word verwag om gedurende die universiteitsvakansies van sy eerste twee studiejare by die skenker te werk; indien hy 'n student aan die Universiteit van Pretoria is, gedurende sy derde, vierde en vyfde studiejare by die skenker in diens te tree; en indien die skenker dit vereis, vir twee jaar na voltooiing van sy studie by die skenker in diens te bly. Indien die beurshouer in gebreke bly om die voorwaarde na te kom, sal die toekenning wat hy gedurende sy finale jaar ontvang het, beskou word as 'n lening wat aan die skenker terugbetaal moet word.

- g. Die Nasionale Sekretaris, Die S.A. Instituut vir Bestuurswese, Posbus 56222, Pinegowrie 2123. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

#### A-128

- a. STUDIETOEKENNINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS (OVS ONDERWYSDEPARTEMENT)  
b. Onderwys  
c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit vir Blankes  
d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is  
e. Minimum van R936 elk p.j. en 'n maksimum van R1 296 elk p.j.  
f. -  
g. Die Direkteur van Onderwys, OVS Onderwysdepartement, Posbus 521, Bloemfontein 9300. Nadere inligting is verkrygbaar van mev. C. Geldenhuys by bogenoemde adres. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

#### A-129

- a. SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN ELEKTRIESE INGENIEURS - BEURSE  
b. Elektriese Ingenieurswese of verwante wetenskappe  
c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika

- d. 1 jaar, hernieubaar op aansoek mits vordering bevredigend is
- e. Kyk f
- f. Voorkeur sal gegee word aan kinders van of afhanklikes van lede of afgestorwe lede van die Instituut. Die toekenning sal berus op die vordering wat die kandidaat in sy studies maak en sy finansiële status en kan op enige tydstip van sy kursus gemaak word. Dit is die beleid van die Instituut om soveel kandidate as moontlik te help. Die waarde van die beurse is normaalweg van R50 tot R500 na gelang van die student se vordering in sy studies en sy finansiële status, maar in uitsonderlike gevalle kan een of twee beurse van heelwat groter waarde toegeken word. Suksesvolle kandidate moet na hul eerste studiejaar by die Instituut aansluit.
- g. Die Sekretarisse van die Instituut, Die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektriese Ingenieurs, Posbus 61019, Marshalltown 2107. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 11 Januarie.

#### A-130

- a. SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN MEGANIESE INGENIEURS - STUDIEBEURS
- b. Meganiese Ingenieurswese
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar na goeddunke van die Onderwyskomitee
- e. Wissel na gelang van fondse beskikbaar en aantal applikante
- f. Beurse moet gebruik word vir die studiejaar waarvoor aansoek gedoen is, anders word dit verbeur. Verslae oor vordering en ywer moet ingedien word. Die maksimum tydperk waarvoor enige studiebeurs toegeken word, sal normaalweg nie die normale tydsduur van die kursus waarvoor die kandidaat geregistreer is, oorskry nie.
- g. Die Sekretarisse, Die Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs, Posbus 61019, Marshalltown 2107. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November.

#### SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD VIR BLINDES - BEURSE

##### A-131

- a. ALGEMENE BEPALINGS
- b. Onbeperk - kyk f
- c. Enige erkende onderwysinrigting
- d. 1 jaar, moontlik hernieubaar; hang af van kandidaat se vordering ens.
- e. Kyk A-132 en A-133
- f. Die S.A. Nasionale Raad vir Blindes stel die beurse beskikbaar aan blinde en swaksiende persone van alle rassegroepe.  
Die beurse is beskikbaar vir enige studierigting wat 'n blinde of swaksiende student in staat sal stel om na voltooiing van sy studies 'n geskikte pos te bekom, waar sy gesigsgebrek geen inbreuk sal maak op die uitvoering van sy alledaagse pligte nie.
- g. Die Direkteur, S A Nasionale Raad vir Blindes, Posbus 26211, Arcadia, Pretoria 0007. Aansoeke moet voor die einde van Oktober aan die bogenoemde adres gerig word.

A-132

- a. GRACE MORKEL - BEURS
- b. tot d. Kyk A-131
- e. R100 p.j.
- f. Die beurs is ingestel om studente in die wydste begrip van tersiêre onderwys behulpsaam te wees, en mag derhalwe op enige wyse aangewend word om hierdie doel te bereik, soos bv. vir die aankoop van studiemateriaal of hulpmiddels en selfs om meer geskikte lewensomstandighede daar te stel. Kyk ook A-131.
- g. Kyk A-131.

A-133

- a. S A NASIONALE RAAD VIR BLINDES - BEURS
- b. tot d. Kyk A-131
- e. Word oorweeg volgens behoefte
- f. en g. Kyk A-131.

A-134

- a. SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË - BEURSE VIR ADMINISTRATIEWE AMPTENARE
- b. B.Com., B.Econ., B.A./B.Com.LL.B., B.Sc. (Rekenaarwetenskap), B.A. (Kommunikasiekunde) en B. Rekeningkunde
- c. Enige universiteit in die Republiek van S.A. wat die volledige kursus aanbied
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die volle duur van die kursus mits vordering, gedrag en klasbywoning bevredigend is
- e. R1 800 p.j.
- f. Die Spoorwegadministrasie stel jaarliks 'n aantal beurse vir voltydse studie beskikbaar om beurshouers akademies voor te berei vir administratiewe werk in die Spoorweë.  
  
'n Beurshouer word by toekenning van 'n beurs in diens geneem en moet na voltooiing van die graadkursus vir die Administrasie werk vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare waarvoor hy 'n beurs ontvang het, onderworpe aan 'n minimum tydperk van twee jaar. Die beurshouer kry vakansieopleiding by die Spoorweë soos wat die universiteit/Administrasie mag voorskryf.  
  
Skoliere wat die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen aan die end van die jaar aflê, kan ook aansoek doen.
- g. Die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Kamer 1216, Paul Krugergebou, Privaatsak X47, Johannesburg 2134. (Telefoon: 713-3917). Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-135

- a. SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË - SPOORWEGBEURSSKEMAS
- b. Siviele, Elektrotegniese en Meganiese Ingenieurswese; Argitektuur, Bourekenkunde, Metallurgie en Farmasie
- c. Enige universiteit in die Republiek van S.A. wat die volledige kursus aanbied
- d. 1 jaar, jaarliks hernieubaar vir die volle duur van die kursus mits vordering, gedrag en klasbywoning bevredigend is

- e. R1 800 p.j.
- f. Beurshouers kry vakansieopleiding by die Spoorweë soos wat die universiteit/Administrasie mag voorskryf. Hulle word vergoed vir tydperke hierdeur in beslag geneem. 'n Beurshouer moet na graduering vir die Spoorweë werk vir minstens 'n tydperk wat gelyk is aan die aantal studiejare waarvoor hy 'n beurs ontvang het, onderworpe aan 'n minimum tydperk van twee jaar.
- g. Die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Kamer 1216, Paul Krugergebou, Privaatsak X47, Johannesburg 2134. (Telefoon: 713-2122). Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-136

- a. SUID-AFRIKAANSE SUIKERVERENIGING KINDERSORGBEURSSKEMA VIR STUDENTÉ IN MAATSKAP-LIKE WERK
- b. Maatskaplike Werk
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Die laaste twee studiejare
- e. R400 - R650 p.j.
- f. Beurse word slegs toegeken aan studente (Suid-Afrikaanse burgers) wat onderneem om vir dieselfde aantal jare wat hulle in ontvangs van 'n beurs was vir die Raad se geaffilieerde kindersorgverenigings te werk.
- g. Hoof van die Departement van Maatskaplike Werk by die betrokke universiteit waar die voorlopige keuring gedoen word. Die universiteit stuur daarna die name van die voornemende beurshouers na die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kinderen Gesinsorg vir finale keuring. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 16 Desember.

A-137

- a. SUIWELBEURS
- b. Landbou - Suiwelkunde
- c. Enige universiteit met 'n Fakulteit van Landbou (Suiwelkunde)
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is
- e. R1 500 p.j.
- f. Daar word van die beurshouer verwag om vir drie jaar na voltooiing van sy graad-kursus in 'n suiwelfabriek werksaam te wees.
- g. Die Sekretaris, Suiwelfabriekse Werkgewersorganisasie, Posbus 265, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-138

- a. TED EN MABEL EVERITT - BEURS
- b. Onbeperk
- c. Enige opvoedkundige inrigting
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurs is beskikbaar vir veelbelowende en behoeftige leerlinge van Oos-Londen.
- g. Die Sekretaris, Mabel Everitt-beursfonds, Posbus 712, Oos-Londen 5200. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

A-139

- a. TOTAL-BEURS VIR LANDBOU-EKONOMIE
- b. B.Sc.Agric. met Landbou-ekonomie as hoofvak
- c. n Universiteit in die RSA
- d. 4 jaar mits vordering en gedrag bevredigend is
- e. R800 p.j.
- f. Kandidate moet onmiddellik na voltooiing van die kursus, die landboubedryf in die Republiek dien vir n tydperk gelykstaande aan die aantal studiejare wat die beurs toegeken is.  
n Beurs van R800 per jaar vir twee jaar kan ook toegeken word ten einde die beurshouer in staat te stel om die M.Sc.-graad in Landbou-ekonomie te behaal.
- g. Die Direkteur, Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, Posbus 1508, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-140

- a. TRANSVAALSE DEPARTEMENT VAN HOSPITAALDIENSTE - BEURSSKEMA
- b. B.Sc. met Biochemie as hoofvak of Biofisika, Dieetkunde, Farmasie, Geneeskunde, Maatskaplike Werk, Mondhigiëne, Spraaktherapie, Tandheelkunde
- c. n Goedgekeurde universiteit of technikon
- d. Minimum duur of minimum oorblywende duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. Geneeskunde, Farmasie, Tandheelkunde, B.Sc.-graad, Dieetkunde, Maatskaplike Werk en Spraaktherapie: R1 000 p.j.  
Mondhigiëne : R500 p.j.
- f. Beurse word, behalwe in die geval van Mondhigiëne en die B.Sc.-graad, eers van die tweede studiejaar af volgens meriete toegeken, hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, gebaseer op studieprestasies. Die aantal beurse in elke rigting word bepaal deur die Departement se behoefte aan personeel in die onderskeie rigtings en die fondse wat daarvoor beskikbaar is.
- g. Die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

A-141

- a. TRANSVAALSE HELPMEKAR - STUDIEFONDSLENINGS
- b. Onbeperk
- c. n Universiteit in die RSA
- d. Duur van kursus
- e. Maksimum van R800 p.j.
- f. Lenings word alleenlik aan studente toegestaan wat bewys lewer dat hulle die nodige aanleg het om verder te studeer. Die rentekoers op die lenings is 6 persent per jaar gedurende die normale studietydperk. Na afstudering beloop die rentekoers 9 persent per jaar.
- g. Die Voorsitter, Die Transvaalse Helpmekeer-Studiefonds, Posbus 23098, Joubertpark, Johannesburg 2044. Studente moet voor die einde van September aansoek doen.



A-142

- a. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT - VOORGRAADSE STUDIETOEKENNINGS
- b. Enige goedgekeurde onderwysgerigte kursus
- c. Enige universiteit in die Transvaal
- d. Normale duur van die kursus met 'n moontlike ekstra jaar
- e. R816 p.j. Kan deur prestasietoekennings van R60 tot R660 p.j. aangevul word.
- f. Toekennings sal deur dienslewering gedelg kan word teen die koers van een jaar diens vir elke jaar van opleiding waarin die maksimum toekennings waarvoor 'n student kwalifiseer, benut word.
- g. Die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria 0001. Nadere inligting is verkrygbaar van Pretoria Tel. 48-0938 of by 48-0281 en 48-9246. Aansoeke moet verkieslik voor 15 Augustus van enige jaar ingedien word. Laat aansoeke sal op meriete oorweeg word.

A-143

- a. TRANSVAALSE VRYMESSELAARS OPVOEDKUNDIGE STIGTING - BEURSE EN MERIETEBEURSE
- b. Onbeperk
- c. Enige inrigting vir hoër onderwys, naamlik universiteite, onderwysersopleiding=kolleges, teknikons, erkende musiekskole, kunskolleges, ens.
- d. Een jaar; hernieubaar op aansoek
- e. Beurse : R200 p.j.  
Merietebeurse : R200 tot R250 p.j.
- f. Tagtig beurse en sewe-en-twintig merietebeurse is beskikbaar vir voorgraadse studie aan seuns en dogters van gereelde vrymesselaars in die Transvaal. In gevalle van ontsettende behoefte kan dubbel beurse toegeken word.
- g. Die Sekretaris, Transvaalse Vrymesselaars Opvoedkundige Stigting, Posbus 17046, Hillbrow 2038. Die sluitingsdatum vir aansoeke is voor die einde van Oktober van elke jaar.

A-144

- a. TSUMEB CORPORATION - BEURSE
- b. Mynbou-, Metallurgiese, Chemiese, Elektrotegniese of Meganiese Ingenieurswese; Geologie; Chemie of 'n B.Com.-graad in Rekeningkunde of Rekenaarwetenskap
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. R1 200 p.j. plus reisonkoste
- f. Beurse is beskikbaar vir studente wat in Suidwes-Afrika gebore of woonagtig is of 'n somervakansie vir die Tsumeb Corporation Limited gewerk het. Suksesvolle applikante moet gedurende die somervakansie by die skenker werk en moet na voltooiing van hul studies vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die beurs toegeken was by die skenker in diens tree.
- g. Die Sekretaris, Tsumeb Corporation Limited, Posbus 40, Tsumeb, S.W.A. 9260. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November.

A-145

- a. UNIE STAALKORPORASIE (VAN SUID-AFRIKA) BEPERK - BEURS
- b. Metallurgiese, Meganiese, Elektrotegniese of Bedryfsingenieurswese
- c. Enige universiteit
- d. 4 jaar
- e. Alle gelde, losies, ens. plus 'n toelaag vir boeke
- f. Beurshouers moet onderneem om by USKO in diens te tree vir 'n tydperk wat gelykstaande is aan die studietydperk.
- g. Die Hoof: Opleiding en Personeelontwikkeling, Unie Staalkorporasie (van SA) Beperk, Posbus 48, Vereeniging 1930. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-146

- a. UNION CORPORATION LIMITED - STUDIELENINGS
- b. Mynbou-, Metallurgiese, Chemiese, Meganiese, Elektrotegniese of Bedryfsingenieurswese; Mynbou-Geologie of Geologie (Honneurs); Geneeskunde
- c. 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar vir die duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. Les- en registrasiegelde, universiteitskoshuisgelde en 'n kontanttoelaag vir boeke ens.
- f. Applikante moet in Suid-Afrika woonagtig wees; in besit wees van 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievystelling) of 'n gelykwaardige sertifikaat of daarvan seker wees dat hulle aan die einde van die jaar sal matrikuleer; oor goeie akademiese prestasies beskik veral in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde. Na graduering moet die student òf die lening terugbetaal òf in diens van 'n maatskappy binne die Union Corporation Groep tree vir 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat finansiële bystand verleen was, met 'n maksimum van drie jaar.
- g. Die Hoof Raadgewende Ingenieur, Union Corporation Limited, Posbus 61356, Marshalltown 2107. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 6 Oktober.

A-147

- a. VOLKSBLAD-STUDIEBEURSE
- b. Onbeperk - kyk f
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. Duur van kursus
- e. Dek alle les-, registrasie- en losiesgelde plus R120 vir sakgeld per jaar
- f. Die beurse is beskikbaar vir belowende manlike matrikulante en studente wat joernaliste wil word. Die suksesvolle beurshouers moet 'n kontrak aangaan om ná verkryging van hulle graad vir minstens vier jaar in die redaksie van Die Volksblad diens te lewer. Indien die beurs net vir een of twee jaar toegeken is, sal die dienstydperk verminder word.
- g. Die Redakteur, Die Volksblad, Posbus 267, Bloemfontein 9300. Die sluitingsdatum vir aansoeke is teen die helfte van Januarie.

A-148

- a. VOLKSKAS-BEURS
- b. Onbeperk
- c. Enige Afrikaanse universiteit
- d. 3 jaar, op voorwaarde dat die beurshouer elke studiejaar met sukses aflê
- e. R600 p.j.
- f. Beurse word slegs aan kinders van Volkskas-gesinshoofde, -gepensioneerdes en weduwees van amptenare of gepensioneerdes vir graadstudie toegeken.
- g. Die Personeelbestuurder, Personeelafdeling, Volkskas Beperk, Posbus 578, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember.

A-149

- a. VORSTER- VAN DER MERWE-ONDERWYSFONDS
- b. Onbeperk
- c. Enige universiteit, onderwyskollege of besigheidskollege
- d. Duur van kursus; moet jaarliks aansoek doen
- e. Word volgens meriete bepaal
- f. Lenings is beskikbaar vir voltydse studente wat aan 'n hoërskool in Rustenburg gematrikuleer het. Lenings is rentevry gedurende die studietydperk. Daarna word rente teen 5 persent per jaar bereken.
- g. Die Tesourier, Vorster- Van der Merwe-Onderwysfonds, p/a Munisipale Kantore, Posbus 550, Rustenburg 0300. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie.

A-150

- a. VRYHEIDSE MUNISIPALE STUDIELENINGS
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. Duur van kursus
- e. R333 p.j.
- f. Rentevrye studielenings is beskikbaar vir persone wat aan die Hoërskool Vryheid of aan die Hoërskool Pionier gematrikuleer het. Die lening moet terugbetaal word oor dieselfde termyn as waarvoor die lening toegestaan was.
- g. Die Stadsklerk, Posbus 57, Vryheid 3100.

A-151

- a. VSA-STUDIEBEURSE
- b. Onbeperk
- c. 'n Erkende Suid-Afrikaanse universiteit of kollege
- d. Duur van kursus vir 'n maksimum tydperk van 7 jaar mits vordering verdienstelik is
- e. R300 p.j.
- f. Beurse word jaarliks deur die Vereniging van Staatsamptenare van Suid-Afrika aan behoeftige kandidate volgens skolastiese prestasie in die Matrikulasie- of Senior Sertifikaat (Matrikulasievystelling)-eksamen toegeken.

Kinders van die volgende dienende, afgetrede of afgestorwe staatswerknemers kwalifiseer vir die beurse:

- (i) Lede wat vir ten minste twaalf maande as sodanig ingeskryf is;
- (ii) lede aan wie lewenslange lidmaatskap toegesê is;
- (iii) ere-onderpresidente van die Vereniging;
- (iv) staatsamptenare wat lede van die Vereniging kan word, maar wat as sodanig uitgesluit is, en
- (v) lede wat voor hulle afsterwe ten minste 12 maande lid was.

Staatsamptenare self in die kategorieë (i) en (iv) hierbo kwalifiseer vir die beurse.

Beurse van R150 p.j. is ook beskikbaar vir staatswerknemers, ten opsigte van na-uurse, deelydse en privaat studie by erkende inrigtings.

- g. Die Hoofsekretaris, Vereniging van Staatsamptenare van Suid-Afrika, Posbus 284, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November.

#### A-152

- a. WESCO-BEURS
- b. B.Com. - Rekeningkunde
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit
- d. 1 jaar, hernieubaar indien vordering bevredigend is, met 'n maksimum van 3 jaar
- e. R1 000 p.j.
- f. Die beurshouer moet 'n ingeskrewe klerkskap voltooi by 'n ouditeursfirma deur Wesco benoem.
- g. Die Bestuurder, Wesco Bestuursmaatskappy (Edms.) Beperk, Posbus 9772, Johannesburg 2000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

#### A-153

- a. WESLEY FRANCIS MEMORIAL MASONIC EDUCATION FUND
- b. Onbeperk
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar vir 'n verdere 2 jaar of meer
- e. Maksimum R1 000 p.j.
- f. Die merietebeurse is beskikbaar vir seuns en dogters van Vrymesselaars in die Vrymesselaarsdistrik van Natal. Die merietebeurs sal toegeken word aan die geskikste kandidaat, met inagneming van ouderdom, karakter en akademiese bekwaamheid soos afgelei van eksamenuitslae en skoolrapporte. Die bedrag van die toekenning sal van die werklike behoeftes van die applikant afhang.
- g. Aansoekvorms wat verkrygbaar is van die Sekretaris van die Losie waarvan die vader 'n lid is of was, moet by die Distrik-Hoofsekretaris, Posbus 386, Pietermaritzburg 3200, voor 31 Oktober ingedien word.

#### A-154

- a. WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD - VOORGRAADSE BEURSSKEMA
- b. Suiwer en Toegepaste Wetenskappe en ander toepaslike studierigtings soos die Raad van jaar tot jaar mag besluit
- c. Enige universiteit in die Republiek van Suid-Afrika

- d. Duur van die kursus mits vordering bevredigend is
- e. R200 tot R1 000 p.j. na gelang van die behoeftes van die applikant, met 'n maksimum van R5 000 vir die volle kursus
- f. Die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad bied jaarliks 'n aantal beurse aan kandidate wat werklik belang stel in 'n wetenskaplike loopbaan (of administratiewe loopbaan) in diens van die Raad. Die aantal beurse en die studierigtings waarvoor hulle beskikbaar gestel word, wissel na gelang van die Raad se behoeftes.

Aansoeke word normaalweg oorweeg van:

- i) Matrikulante wat buitengewoon gepresteer het op skool en wat hul matrikulasie- of gelykstaande eksamen met 'n hoë gemiddelde geslaag het of na verwagting sal slaag, en ook onderskeidings in Wiskunde en Natuurwetenskap of ander sleutelvakke behaal het; en
- ii) universiteitstudente wat tot op hede al hulle universiteitseksamens in al die vakke wat hulle elke jaar geneem het, geslaag het, en hoë punte in hulle hoofvakke behaal het.

Kandidate moet minstens drie jaar lank voor die datum van die aansoek in die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika woonagtig wees.

Indien die suksesvolle kandidate na voltooiing van hulle studiekursusse poste in diens van die Raad aangebied word moet hulle sulke poste aanvaar en binne twee maande nadat daar voldoen is aan die vereistes van die graad waarvoor die beurs toegestaan is, in diens van die Raad tree en daarin bly vir 'n tydperk wat gelykstaande is aan die tydperk waarvoor die beurs ontvang was.

- g. Die Sekretaris, WNNR, Posbus 395, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

#### A-155

- a. WINIFRED WILSON-BEURS
- b. Engels
- c. Enige universiteit in Suid-Afrika
- d. 1 jaar, hernieubaar op aansoek mits vordering bevredigend is en na goeddunke van die Trustees
- e. Nie vasgestel nie - na goeddunke van die Trustees
- f. Die beurs word toegeken met die doel om die Engelse taal en letterkunde in die Republiek van Suid-Afrika te beskerm en te bevorder. Aansoekers moet minstens een jaar voltydse studie in Engels aan 'n universiteit voltooi het en moet Suid-Afrikaanse burgers wees.
- g. Die Bestuurder, Trustafdeling, Syfrets Trust Company Ltd, Posbus 206, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Desember.

#### A-156

- a. WITWATERSRANDSE LANDBOUGENOCTSAP-BEURS
- b. Landbou of Veeartsenykunde
- c. Enige universiteit of kollege wat Landboukursusse aanbied
- d. 1 jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R400 p.j. vir universiteitstudie  
R150 p.j. vir kollegestudie
- f. Beskikbaar vir studente van die tweede studiejaar af.

- g. Die Hoofbestuurder, Witwatersrandse Landbougenootskap, Posbus 31777, Braamfontein 2017. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

A-157

- a. YSKOR-BEURSLENING
- b. Bedryfs-, Chemiese, Elektrotegniese, Meganiese, Metallurgiese en Mynbou-ingenieurswese; Chemie, Fisika, Metallurgie of Wiskunde as hoofvakke vir 'n B.Sc.-graad
- c. Enige universiteit vir Blankes in die RSA
- d. Jaarliks hernieubaar
- e. Dek les- en losiesgelde plus R200 sakgeld plus werknemersvoordele wat lidmaatskap van die pensioenfonds, mediese fonds en Groeplewensversekeringskema behels en wat + R400 p.j. bedra
- f. Die beurshouer moet na voltooiing van sy studie by die skenker in diens tree vir dieselfde aantal jare as wat 'n beurslening aan hom toegeken was, anders is die beurslening plus rente terugbetaalbaar.
- g. Die Groeppersoneelbestuurder, Yskor, Posbus 450, Pretoria 0001.

A-158

- a. ZERILDA STEYN - BEURS/LENINGSFONDS
- b. Voorkeur word gegee aan studierigtings wat Maatskaplike Werk of beplanning of administrasie van behuisingskemas dek
- c. Enige Suid-Afrikaanse universiteit (verkieslik in Wes-Kaapland)
- d. Een jaar, hernieubaar mits vordering bevredigend is
- e. R800 p.j.
- f. Aanvanklik word lenings toegestaan wat, na voltooiing van studies, in goedgekeurde gevalle gedeeltelik in beurse omgeskep kan word.
- g. Die Hoofbestuurder, Stedelike Behuisingsbond, Posbus 259, Kaapstad 8000. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November.

A-159

- a. JOSEPH VAN PRAAGH TRUST - BEURSE
- b. Onbeperk
- c. 'n Universiteit of inrigting vir hoër tegniese opleiding
- d. Duur van kursus mits vordering bevredigend is
- e. Word bepaal deur die finansiële behoeftes van die kandidaat
- f. Beurse is beskikbaar vir behoeftige Blanke matrikulante of studente wat alreeds studeer en in Kimberley of Kimberley-distrik woonagtig is. Toekenning geskied op grond van akademiese bekwaamheid, persoonlikheid en die volgende eienskappe: Leierskap, doelgerigtheid, deursettingsvermoë, verantwoordelikeheidsgevoel, vermoë om met ander saam te werk, onselfsugtigheid en waarheidsliefde.
- g. Syfrets Trust & Eksekuteur (Noord-Kaapland) Beperk, Posbus 334, Kimberley 8300. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Junie.

Doc no. 32839  
Copy no 32846

A-160

- a. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING - VOORGRAADSE BEURSE
- b. Geesteswetenskappe
- c. Enige universiteit vir Blankes in die RSA
- d. Duur van kursus
- e. R1 000 of meer p.j. na gelang van die behoeftes van individuele studente
- f. Die RGN sal van 1980 af beurse vir voltydse voorgraadse studie beskikbaar stel. Persone wat in die geesteswetenskappe wil studeer, sal oorweeg word indien hulle minstens drie onderskeidings in die Matrikulasië- of daarmee gelykstaande eksamen behaal het.

Die suksesvolle applikante sal 'n kontrak met die RGN moet aangaan om na voltooiing van hul studies vir 'n bepaalde tyd vir die RGN te werk, maar die RGN sal nie verplig wees om hulle in diens te neem nie.

- g. Die President, RGN, Privaatsak X41, Pretoria 0001. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.